Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND
SEPTEMBER 2017
Bulletin
Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

OVERSTRAND HOU GEMEENSKAPS-OPHEFFING HOOG OP MANDELA-DAG

Op Dinsdag, 18 Julie 2017, het Overstrand se Uitvoerende Burgemeester, Rdh Rudolph Smith, vergesel deur burgemeesterskomiteelede raadslede Elnora Gillion en Arnie Africa, die pas aangegee in Overstrand se bydrae tot die Mandela-dagveldtog, deur 'n besoek aan die Gesondheid- en Welsynsentrum in Hawston te bring.

Hierdie byeenkoms het aan die inrigting se Voorsitter, Wally Moosa, die geleentheid gebied om die Burgemeester en sy gevolg op 'n begeleide toer van die perseel te neem. Dit het 'n rondte deur die sale, kombuis en wassery ingesluit, asook besigtiging van hulle goedversorgde, volhoubare groete- en kruietuin. Tydens die besoek het die burgemeester met verskeie in-sorgpasiënte en personeel geselsies aangeknoop voordat hy hand bygesit het om 67 koppies sop en brood aan kinders uit te deel wat geduldig hulle beurt afgewag het.

Burgemeester Smith het ook die geleentheid benut om 'n rystoel te oorhandig, waarop Sentrumbestuurder, George Kinnear gesê het, dit sal baie tot hulle dienslewering aan die gemeenskap bydra.

Ander aktiwiteite het die opruiming van die gebou ingesluit, wat kinders van die Hawston-biblioteek se Vakansieprogram laat vensters was het, terwyl die groep van Overstrand se brandweermanne beurte gemaak het om die gange te vee en skoon te maak.

Tydens die Mandela-dagverrigtinge het die burgemeester gesê, "Die werk wat by hierdie soort inrigtings gedoen word het 'n betekenisvolle impak op ons gemeenskappe en openbaar 'n gees van maatskaplike verantwoordelikheid, waarvan wyle Tata Madiba 'n groot voorstander was".

"Dit was 'n baie roerende en emosionele ervaring en ek prys die sentrum en sy personeel vir die moeite en wonderlike werk wat hulle doen", het die burgemeester gesê.

Terwyl die Burgemeester Mandela-dag in Hawston gevier het, het ander raadslede in Overstrand ook hulle bydrae gemaak om Madiba se nalatenskap te huldig. Wyk 5 se raadslid, Valerie Pungupungu, het jong kinders in Zwelihle bymekaargebring om 'n speelpark in die area op te ruim; sy het ook die oomblik benut om hulle meer te leer van wyses waarop hulle hul omgewing kan bewaar. Valerie het ook die Siyazama-sorgsentrum vir Bejaardes besoek waar sy die bejaardes met lekker sop vir middagete bederf het.

By 'n ander byeenkoms het lede van die Overstrand Brand- en Reddingsdienste in Hermanus ook hard gewerk deur opruimingswerk te doen en sop voor te berei vir kinders by die Khanya Educare-sentrum in Zwelihle.

Ook in Zwelihle, het raadslid Connie Tafu-Nwonkwo hulp verleen met die skenking van kos en weggooidoeke aan kinders by Ikhaya Lezibusiso.

In Kleinmond het wyk 10 raadslid Fanie Krige met die KBRC saamgespan om by die Mandela Circular Random Harvest-tuinbouprojek by Mthimkhulu Village, 'n houer te verf en kinders te leer hoe om saad te kweek. Wyk 9 raadslid Grant Cohen en 'n groep vrywilligers het om die beurt weer personeel van die Kleinmond Dierewelsynsvereniging en Kinderwelsynskantore gehelp.

Burgemeester Rudolph Smith (middel) deel hier koppies sop uit aan kinders by 'n herdenkingsbyeenkoms wat op Dinsdag, 18 Julie 2017 by die Hawston Gesondheid- en Welsynorganisasie gehou was. Burgemeesterskomiteelid en Portefeuljehoof van Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme, raadslid Elnora Gillion (tweede van links) was ook daar om hulp te verleen.

Die personeel van die Hangklip-Kleinmond-kantoor het in samewerking met raadslede Fanie Krige en Grant Cohen, 'n kombersinsameling geloods wat op Mandela-dag afgesluit het, toe raadslid Krige en die span die invordering aan Esmien van Zyl van die Kinderwelsyn-kantoor in Kleinmond oorhandig het.

Raadslid Connie Tafu-Nwonkwo (regs) deel hier lemoene uit aan bejaarde vroue en kinders met die viering van Mandela-dag op Dinsdag, 18 Julie 2017. Ander gemeenskapslede van Zwelihle het ook hiermee handjie bygesit.

Raadslid Valerie Pungupungu van Zwelihle wyk 5 het die dag gebuik om jong kinders in die wyk te leer hoe om hulle omgewing te bewaar en dit skoon te hou.

Overstrand brandweermanne (van links na reg) Ebriam Isaacs, Brendan Hunter, Kyle Alberts en Owen Stewart is hier behulpsaam in die kombuis.

SARS
South African Revenue Service

Datum: 09 Oktober 2017
Plek: Hawston Thusong-sentrum
Tyd: 09h00 - 15h00

Datum: 10 Oktober 2017
Plek: Kleinmond Jeugsentrum
Tyd: 09h00 - 15h00

Datum: 07 November 2017
Plek: Gansbaai Gemeenskaplike Sportgronde
Tyd: 09h00 - 15h00

Datum: 08 November 2017
Plek: Mount Pleasant Moffat Saal
Tyd: 09h00 - 15h00

"BOBBEJAANBESTUUR"

Die Munisipaliteit is bewus van en begaan oor die bobbejaanprobleem in die Overstrandgebied. Gevolglik was 'n Senior Regs-adviseur se mening ingewin om vas te stel oor watter magte die Munisipaliteit beskik om op te tree, en om sy inwoners met bobbejaanbeheer te help.

Die opinie stel dit onteenseglik dat die Munisipa-liteit oor geen magte beskik om bobbejaanbeheer te onderneem nie. Die Munisipa-liteit is 'n organisasie van verordening/wetgewing. Met ander woorde, dit kan slegs reageer op en fondse bestee aan funksies wat deur die Grondwet en wetgewing aan dit opgedra is. Hierdie opinie was verlede jaar deur die Senior Regsadviseur bevestig, nadat navrae ontvang was omtrent die uitspraak wat gelewer was in 'n saak wat deur die Stad Kaapstad aangevoer was. 'n Munisipaliteit het nie die funksie of magte om bobbejane te beheer nie.

Bobbejaanbeheer is 'n funksie wat deur die Grondwet aan die Provinsiale en Nasionale regeringsfere toegeken is. Na aanleiding hiervan, ken die Natuurbewaringsordonnansie 19 van 1974 hierdie magte toe aan die Wes-Kaapse Natuur-bewaringsraad ("CapeNature"). Dus het CapeNature die magte en plig, soos deur die Natuurbewarings-ordonnansie aan hulle toegeken, om bobbejane te identifiseer wat skade aanrig en dat dié bobbejane wat skade veroorsaak, gejag kan word.

Die Munisipaliteit het 'n beroep op CapeNature gedoen om op te tree, om sy inwoners te beskerm teen die bobbejane wat skade aan eiendom veroorsaak het, en gevra dat hulle hul pligte nakom en die bobbejane beheer.

VOORAANSTAANDE DESKUNDIGE DEEL HAAR KENNIS OOR MARIENE-PLASTIEKBESOEDELING

Dr Jenna Jambeck, 'n medeprofessor by die Universiteit van Georgia en 'n deskundige op die gebied van oseaan-plastiekbesoedeling, het Maandagaand, 17 Julie 2017, by die Stadsouditorium in Hermanus haar insigte met 'n stampvol gehoor gedeel, deur 'n praatjie te lewer, getiteld "Impacts of Marine Waste".

In Suid-Afrika, om by die Afrika- Mariene-afvalnetwerk-konferensie te praat wat deur die Sustainable Seas Trust (SST) georganiseer is en laas week in Port Elizabeth gehou was, het die aanbieding die tweede van 'n reeks uitgemaak wat deur dr Jambeck gedoen is tydens haar VS Staatsdepartment-geborgde besoek aan die land.

Die toespraak was gefokus op die impak van die enorme hoeveelhede plastiekafval wat daagliks in die wêreld se oseane beland. 'n Sleutelpunt was die feit dat plastiek nie bioafbreekbaar is nie en dus in mikroplastiek afbreek wat òf dryf òf na die seebodem afsak; waarvan laasgenoemde groot "plastiekkolle" in die oseaan skep.

Omdat dit deur seediere ingeneem word, word mikroplastiek 'n sluipende deel van die marienevoedselketting.

Alhoewel sy die Overstrand gekomplimenteer het op sy herwinningsdromme en skoon strande wat sy vroeër die dag besoek het, het dr Jambeck steeds plaaslike navorsing aangehaal wat in die area mikroplastiek in marienediere se mae gevind het.

Dr Tony Ribbink van die SST het die bespreking geopen met 'n kort aanbieding en inleiding oor die nuutgevormde African Marine Waste Network. Dr Ribbink staan ook aan die hoof van South Africa's Hope Spots - waarvan die Kaapse Walviskus, wat vanaf Rooi Els tot by Quin Point strek, een is.

Ook op die program was Overstrand se Bestuurder van Vaste-afval, Johan van Taak en Senior Omgewingsbestuurder, Liezl Bezuidenhout, wat met hul onderskeie aanbiedings, genaamd "Heroorweeg die Sak" (Re-think the Bag) en "Kaapse Walviskus - Die Gevaarpunt" (Cape Whale Coast - The Hot Spot), meer lig gewerp het op die gevare en negatiewe impak van plastieksakke op die omgewing en die oseaan.

Dr Jenna Jambeck, 'n medeprofessor aan die Universiteit van Georgia en 'n deskundige op die gebied van oseaanplastiekbesoedeling, het Maandagaand, 17 Julie 2017, by die Stadsouditorium in Hermanus 'n aandagtige gehoor geesdriftig toegespreek oor die "Impacts of Marine Waste".

Terwyl klem geplaas was op die relatiewe marienegesondheid wat die land se "Hope Spots" aandui, en die motivering wat dit gebied het vir die vorming van die African Marine Waste Network, was die algehele boodskap van die aand duidelik: Die kommerwekkende vermeerdering van plastiek wat in die oseaan beland, is 'n globale probleem wat 'n globale oplossing verg.

Op 'n plaaslike vlak kan ons 'n verskil maak deur ons verbruikerskeuses, en deur druk op besighede en handelaars te plaas om van enkelgebruikte plastiek (soos plastieksakkies en strooitjies) af te sien.

Met die oog op globale betrokkenheid, het Dr Jambeck die "Marine Debris Tracker"-toep, wat sy help ontwikkel het, aan die gehoor bekendgestel. Tot dusver was die toep gebruik om die ligging van meer as 'n miljoen items seerommel oor die hele wêreld te dokumenteer, en dit word gedeeltelik aangewend om 'n diepgaande begrip te ontwikkel van hoe rommel na en om die wêreld se oseane beweeg. Vir meer inligting oor die toep en hoe om 'n bydrae tot hierdie oefening te maak, klik op https://play.google.com/store/apps en tik in 'Marine Debris Tracker'.

Shirley Mgoboza, 'n Koördineerder vir Walviskusbewaring (WCC) se Jeugomgewingsprogram, beman hier 'n stalletjie by die Oseaanafvalbesoedeling-byeenkoms op Maandagaand, 17 Julie.

Walviskusbewaring (WCC) stal 'n bord van plastiek-soesji uit om te demonstreer hoe mikroplastiek wat deur seediere ingeneem word, uiteindelik sy weg deur die voedselketting tot op ons borde kan vind.

60ste Herdenking van Fernkloof Natuurreservaat word in September gevier

Die Fernkloof Natuurreservaat sal sy 60ste herdenking tydens die Hermanus Blomfees, vanaf 22 tot 25 September 2017, vier.

Dit sal 'n baie spesiale geleentheid wees met die bekendstelling van 'n boek, om Fernkloof en alles wat dit bied, ten toon te stel. Hierdie handige A5-sagtebandboek in glanskleur, bied hope inligting en byna 400 foto's van die plaaslike fauna en flora. Dit dien ook as 'n leersame staproetegids om natuurliefhebbers langs 'n 60 kilometer netwerk van paadjies te lei, na watervalle en asemrowende uitsigte vanaf die Kleinrivierberge wat oor Hermanus uitkyk. Hierdie reservaat beslaan 1 800 hektaar wat van seevlak tot 842 meter strek en meer as 1 250 inheemse fynbossoorte huisves.

Die Fernkloof Natuurreservaat vorm deel van die Kaapse Floristiese Streek (KFS) naby die suidelike punt van Suid-Afrika. Alhoewel dit die kleinste van die ses erkende blomkoninkryke van die wêreld is, spog dit met die hoogste konsentrasie van inheemse plante per vierkante meter, en uitsonderlike hoë fynbosdiversiteit.

Die ekonomiese waarde van die KFS, gebaseer op oeste van fynbosprodukte (bv. veldblomme) en ekotoerisme, is beraam om in die omgewing van R77 miljoen per jaar te wees. Dus het die Kaapse Floristiese Streek beide ekonomiese en wesenlike biologiese waarde, as 'n biodiversiteit-gevaarpunt en as 'n groot toeriste-aantreklikheid.

Besoekers is welkom om die uiteenlopende program tydens die feesvieringe by te woon: insluitend Navorsingstaptoere (*Citizen Science Walks*) om seldsame bedreigde spesies van fauna in die area te verken en ontdek, soos Drewes se Mospadda en die Kaapse Dwergverkleurmannetjie. Ander diere wat gevind is, al is dit in kleiner getalle, is die vaalribbok, kaapse grysbok, klipspringer, bobbejaan, muishond en dassie. Meer as 100 voëlspesies is aangeteken, naamlik die Witkruisarend en Rooiborsjakkalsvoël, Kaapse Suikervoël, Suikerbekkie, Kliplyster en Rotspringer.

Pret-aktiwiteite word vir die gesin beplan om oor die vier dae alle ouderdomme te vermaak. Geniet die pragtige blomtentoonstellings, omgewingsuitstallings en gemerkte monsters van tot 400 spesies, wat inheems tot die gebied is. Verskeie produkte sal in die markiestent te koop wees, almal met 'n botaniese of natuurtema, insluitend boeke, kaartjies en naaldwerk. Ander produkte, soos potte vir tuinmaak en stapklippe wat deur rystoel-entrepreneurs gemaak is, sal ook beskikbaar wees. Buiten dit, sal vars bosse blomme gekoop kan word en die kwekery sal 'n wye verskeidenheid van ongelooflike mooi inheemse plante aanbied. Bly so bietjie langer en geniet iets om te eet en drink by die Fynbos Kafee in die tuine.

Ander aktiwiteite om te verken:

Terug op algemene aandrang: 10 Mini-demonstrasietuine om jou idees vir u eie tuin te gee: Aardkuns-werkswinkels: Ontwerp jou eie Aardkunsbeeldhouwerk van wat die natuur aanbied; Uitstallings deur Omgewingsorganisasies soos Cape Nature en Walviskusbewaring; Die Botaniese Vereninging se stalletjie in die markiestent sal waardevolle skatte en aandenkings aanbied; die *Slithering Snake*-fynbosdemonstrasie; spesiale skoolprogramme vir kinders; navorsingstaptoere (*Citizen Science Walks*); 'n Bugz-trein deur die tuine - vir kinders; Leerderkunskompetisie uitstalling; Alpakkas en hulle produkte; Ontwerp 'n Feetjietuin; 'n Lotery met lekker pryse. Teken nou die byeenkoms in jou dagboek aan om seker te maak dat jy nie hierdie noemenswaardige geleentheid misloop nie. Die bewaarders van Fernkloof Natuurreservaat is die Overstrand Munisipaliteit en die Fernkloof Adviesraad. Die Hermanus Botaniese Vereniging het 'n mandaat om die flora en fauna te beskerm en is passievol om mense op te voed oor die behoefte om die Reservaat te bewaar.

Vir meer inligting:

Webwerf: www.fernkloof.org.za, sien '*Aanduidings en Kaarte*'.**Facebook:** www.facebook.com/hermanus-botanicalsociety, **E-pos:** botsochermanus@telkomsa.net, of altapretoriushermanus@gmail.com